die Wapad

DEEL XIV DINSDAG, 29 SEPTEMBER 1959 Nr. 14

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# BIBLIOTEEKWESE

## Wes-Transvaal Gasheer

DIE VEERTIENDE JAARLIKSE KONFERENSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING VIND VANJAAR VIR DIE EERSTE KEER OP POTCHEFSTROOM PLAAS OP UITNODIGING VAN DIE WES-TRANSVAALSE TAK VAN DIE VERENIGING. DIE KONFERENSIE HET GISTER BEGIN EN DUUR TOT VRYDAG. DIE UNIVERSITEIT IS DIE SENTRUM WAAR DIE VERRIGTINGE PLAASVIND.

Die sentrale tema van die huidige konferensie is nie-blanke biblioteekdienste. Verdere spesiale onderwerpe vir bespreking is biblioteekgeboubeplanning en die behandeling van verskeie spesiale vraagstukke van belang vir die biblioteekwese soos die openbare biblioteek, die universiteitsbiblioteek en skool- en kinderbiblioteke. Verskeie plaaslike onderwysers is uitgenooi om deel te neem aan die besprekings oor laasgenoemde onderwerp.

Die besprekings en besluite van hierdie konferensie sal dan ook van groot betekenis wees vir biblioteekwese in ons land.

In die loop van die konferensie sal ook aandag gegee word aan aktuele en kontensieuse sake op biblioteekgebied. Mosies sal ingelewer word oor die moontlikheid van 'n staatskommissie om ondersoek in te stel na die instelling van 'n Nasionale Biblioteekraad en 'n uniale biblioteekwet met die oog op steeds beter koördinasie van biblioteekdienste in die land. Ook die sociusstatus van lede van die vereniging word in oënskou geneem.

### FUNDAMENTELE ROL

Die kongresgangers is Maandag deur die onder-burgemeester van Potchefstroom, mnr. C. de Kock, verwelkom en die amptelike opening is deur die rektor van die P.U. vir C.H.O., prof. dr. J. Chris Coetzee, waargeneem. Prof. Coetzee het in sy rede gewag gemaak van die fundamentele rol wat boeke speel in die vorming van die geleerde of die studie-inrigting. Die kwaliteit van die student of dosent word inderdaad bepaal deur die gebruik wat hy van die biblioteek maak.

Prof. dr. Gerrit Dekker het by die geleentheid as geleentheidspreker opgetree.

Die konferensie-gangers is Maandagaand onthaal op 'n skemerpartytjie by die Potchefstroomse Buiteklub deur die burgemeester, en Dinsdagaand is die afgevaardiges uitgenooi deur die P.U.-musiekvereniging na 'n uitvoering deur die beroemde Franse duo in die Totiusgedenksaal.

**Die konferensie spreek sy dank uit vir hierdie vriendelike gebaar van die Musiekvereniging.**

Woensdagaand word die afgevaardigdes op 'n braaivleis deur die rektor onthaal nadat hulle verskeie biblioteke in Wes-Transvaal besoek het.

### BESLUITE

Besluite van die konferensie is van die grootste belang vir die biblioteekwese en biblioteekprofessie, en besluite wat in die verlede deur die konferensie geneem is, het meegebring dat die professie op 'n baie hegte voet geplaas is in Suid-Afrika.



**Prof. dr. J. Chris Coetzee, rektor van die P.U. vir C.H.O., wat gister die amptelike opening van die biblioteekkonferensie waargeneem het.**

# BEROEMDE FRANSE DUO TREE OP

**Die P.U.-musiekvereniging bied hul laaste programkonsert op Dinsdag 29 September in die Totiusgedenksaal aan, wanneer die beroemde Franse duo, Rampal (fluit) en Veyron-Lacroix (klawesimbaal en klavier) optree.**

Hierdie duo van wêreldformaat is in 1946 gestig en sedertdien het hulle in verskeie konsertsale van die wêreld geslaagde uitvoerings gelewer.

Rampal is wêreldbekend as soliste en het talryke pryse aan die Paryse Konservatorium verower. Hy word deur musiekkritici as een van die fluitvirtuose van die wêreld beskou.

Die bekende komponis en kritikus, Roland Manuel, het in 1946 verklaar:

„Fluit en klawe-instrumente is 'n voortreflike samestelling in kamermusiek. Rampal en Veyron-Lacroix het hierdie samestelling tot volmaaktheid uitgebou in hul vaardige tegniek, suiwerheid van styl en gemeenskaplike aanvoeling in die veelvuldige eise wat hul reprtoire stel".

Hul uitvoering Dinsdagaand sluit werke van Telleman, Bach, Haydn, Schumann en Prokofieff in.

# BAANBREKERSWERK

Joernalistiek as graadkursus vir die tweede jaar is pas deur die Raad van die P.U. vir C.H.O. ingestel. Die P.U. is die eerste Suid-Afrikaanse Universiteit wat hierdie kursus aanbied en verrig daarmee baanbrekerswerk.

Die kursus wat vanjaar as proefneming aangebied is, het genoeg belangstelling onder studente gewek om ook as tweedejaarskursus ingestel te word. Hoop word gekoester dat dit ook as hoofvak aangebied sal word. Sowat dertig studente het vanjaar die kursus gevolg en na verwagting behoort ongeveer agt die tweedejaarskursus te volg.

Waar die klem in die eerste jaar hoofsaaklik op teoretiese werk val, sal in die tweede jaar veel meer praktiese werk deur die studente verrig word. Verskeie studente het reeds vanjaar vir dagblaaie geskryf en daar word gepoog om in die toekoms veel meer van die steun van koerante gebruik te maak vir die praktiese onderrig van studente.

Studente wat die kursus voltooi, kry erkenning op dagblaaie vir praktiese werk. Die meeste dagblaaie is dan ook geesdriftig oor die kursus en waardevolle hulp is reeds van veral die Voortrekkerpers en SAPA ontvang.

# NUWE AANSTELLINGS DEUR RAAD

Verskeie personeelbevorderinge en nuwe aanstellings is pas deur die Raad van die Potchefstroomse Universiteit gedoen. Die eerste professoraat in farmasie aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit is ook pas deur die Raad ingestel. Dr. K. W. Gerritsma, voorheen senior lektor en hoof van die departement farmasie, is met ingang 1 Januarie 1960 tot hoogleraar bevorder.

Voorts word dr. J. Tiedt vanaf April 1960 tot hoogleraar bevorder as opvolger van prof. D. J. du Plessis wat baie jare hoof van die departement chemie aan die Universiteit was.

Dr. Tiedt het in 1952 in Leeds, Engeland, gepromoveer en is sedert 1948 senior lektor in chemie.

Aan prof. Du Plessis word voortaan die status van emritus professor verleen. Hy is die tweede hoogleraar aan wie die universiteit hierdie status verleen—prof. H. G. Schultze was die eerste.

### BEVORDERINGS

Verskeie ander bevorderings is deur die Raad gedoen: dr. T. T. Cloete word senior lektor in die departemen t Afrikaans / Nederlands, dr. D. P. Erasmus senior lektor in die departement bedyfsekonomie, mnr. F. J. du Plessis senior lektor in die departement ekonomie en dr. S. J. du Plessis senior lektor in die departement Semitiese tale.

Mej. J. M. Schoeman word voorts lektrise in die departement liggaamlike opvoeding en mnr. P. Venter hoof lektor van die departement aardrykskunde. Mev. J. C. van Rooy word lektrise in die departement biblioteekkunde en mnr. J. H. Venter lektor in die departement statistiek.

Twee bykomende junior lektorate is ook ingestel: mnr. J. H. Potgieter in die departement musiek en mnr. M. C. B. v. R. van Oudtshoorn in die departement farmasie. Mnr. C. R. Smith word tweede instrumentmaker.

Verdere nuwe aanstellings is: mnr. C. S. Williams (junior lektor chemie), mej. E. E. van der Westhuizen (junior lektrise huishoudkunde), mnrr. J. A. M. de Villiers en J. A. van Wyk (fisika), mnr. H. A. Watermeyer (kosteberekening) en mev. J. H. Potgieter (musiekonderyseres).

# PROF. C. DIEM

Die Puk is verlede week vereer met die besoek van 'n egpaar wat in hul vak van die grootste gesaghebbendes ter wêreld is. Hulle is prof. Carl Diem, die 77-jarige Rektor van die „Sportkollege" en ereprofessor van die Universiteit te Keulen, en sy gade, mev. Lisolette Diem.

Toe die Diem-egpaar in die land aangekom het, is daar in die openbare pers aangekondig dat die professor (ouderdom soos hierbo gemeld) elke oggend op sy kop staan om vars te word. Die professor is vandag nog die toonbeeld van gesondheid.

Prof. Diem het Dinsdagmiddag 'n lesing voor studente en personeellede van die P.U. en die P.O.K. gegee. Hy het interessant gepraat oor die verouderingsproses waaraan die mens onderworpe is en die liggaamlike bedrywighede waaraan hy in die verskillende stadia van die lewe moet deelneem. In hierdie lesing het prof. Diem gewys op die groot invloed

(Vervolg op bls. 3, kol. 3)

Tomstraat 90A

Fotokuns

Telefoon 3185
POTCHEFSTROOM

U FIRMA VIR FOTOGRAFIE

Kom besigtig ons
GRAMMOFOONPLATE
STEREOFONIES GEDEMONSTREER
Kunsvlytafdeling


OP U PAD . . . .

**Die Welkom-kafee**

'N STUDENTEKAFEE!

• • •

H/v. President en Von Wiellighstrate.




**DIENS!**

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

**Mooirivier-Apteek**

205. Kerkstraat — Telefoon 380.




Vir daardie **hol gevoel** op die maag bak ons die HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES

**TURKSTRA BAKKERY**

(Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 61




**JANET says:**

for:
- SWEETS
- GRILLS
- COOLDRINKS

Take me to the —

**Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.**



**Op pad . . .**


na

**GEEN & VELLEMAN**

vir hulle FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.

Volg hom na:

**Kerkstraat 178.**



**PUKKE.....**


en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE

**W. J. SPAVINS SEUN**

Kerkstraat 101 — Tel. 185



**POTCHEFSTROOM DRANKWINKEL**

GROOT- EN KLEINHANDELAARS IN DRANK.

(Direkteur/Director: D. N. Smith)

WHOLESALE AND RETAIL SPIRIT MERCHANTS

**POTCHEFSTROOM BOTTLE STORE**

Foon/Phone 214 - - - - - - Posbus/P.O. Box 6

KERKSTRAAT 185


## DIE MENSE IN DIE STOEL

**Hennie van der Walt** (S.R.-voors.): Enige „tweedejaar" wil baie doen, Hennie ook. Hy wil o.a. 'n ontspanningsaal bou. Intussen rol die wieletjies van die studentelewe ge-olied voort!

**Lou van Wyk** (onder-voors.): Hy is volgens Toy nou die derde belangrikste persoon op die Puk. daarom moet hy hard werk. Hy staan soms voor nege in die môre op, dan brand sy lig nog tot na tien in die aand. Ons hoop nie hy word maer nie!

**Klein Frans de Bruyn** (sekretaris): Die enigste een op die dagbestuur wat wat gekys is! Daar is niemand op die S.R. wat naastenby so „handsome" is soos hy nie!

**Hans van Zyl** (penningmeester): Hy sê hy is nie gekys nie. Hy en Karien sleep sommer net met mekaar. Ons hoop nie sy is roerende eiendom van die S.R. waaroor die penningmeester moet toesig hou nie!

**Idyll van der Walt** (onder-sekr.): Die klein olifantjie op die S.R. Slurpie lyk net soos 'n olifantjie, hulle is albei vaal!

**Toy Dannhauser** (voetbalkaptein): Sy beskeie mening is dat hy nou die tweede belangrikste persoon op die Puk is. Die belangrikste (blykbaar is dit Hennie) klop hom glo met een punt. Hy sê as hy net die samewerking van die Tokkelokke en die Aptekers kan kry, sal hy nog baie vir sy Alma Mater kan doen.

## LENTEKYSTE SKAARS

Die heerlike lentelug het toe nie die gewensde uitwerking gehad nie. Koue weer is blykbaar beter vir kyste. Al gevolg van die lente is dat die eksamens nou baie nader is, en dit lewer weer baie ander probleme op, veral vir die personeel van die Biblioteek. Hulle oorweeg dit glo al sterk om parkeermeters by die tafels in die studiesaal op te rig!

Een senior tokkelok het darem 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel: **Willie Kuperus** en **Hester Venter** het gekys, en nog 'n **Willie (de Waal)** het sy voorbeeld gevolg. In hierdie geval is **Myna van Vuuren** die soenoffer.

**Maryn Fourie** het 'n stappie verder gevorder en 'n klippie aan die vinger gekry. Aan haar en die gelukkige (?) onbekende ons hartlike gelukwensing met hul verlowing.

## VYF BEKERS

Hoewel dit al 'n tydlank 'n uitgemaakte saak was dat die eerstespan die Neserbeker sou verower, en die O/19 die Barnard vir die soveelste keer sou buit, is daar intussen ook nog ander bekers na die kafeteria gebring. Fires deel die derde-liga se beker met Pote.

Maar seker die grootste nuus was dat die eerstespan die Bosmanbeker ook verower het. Hierdie beker word toegeken aan die span wat in die eerste liga die mooiste voebal lewer, en na verlede Saterdag se wedstryd teen Klerksdorp was dit al byna 'n uitgemaakte saak dat hierdie trofee slegs aan een span toekom. Intussen is die goeie nuus ontvang dat die Pukke die Krekeinsbeker gewen het—dit word toegeken aan die klub wat die beste algemene stand van spanne in die ligareeks het.

Die Pukke is trots op hul voetbalspelers.


die wapad

**Redaksie en Administrasie**

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITêRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode | 1566. |
| | en Frans van der Vyver | 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren | X041. |
| | en Bets Coetzee | 0013. |
| SPORT | Eddie van der Westhuizen | X041. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe | 19. |
| | en Marieke van der Merwe | 281. |
| TEGNIESE ADVISEURS | Gouws Oberholzer | 2162 |
| | en Henning Botha | X041 |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**DINSDAG, 29 SEPTEMBER 1959**




## REDAKSIONEEL
### VERBODE LEESSTOF

**Wie die biblioteek nie kan gebruik nie kan homself nie as opgevoed beskou nie.**

Miskien is dit effens kras gestel—maar dan, dis nie ek wat dit gesê het nie: die kras kom van elders.

Miskien is dit die gebrek aan gebruikmaking van die biblioteek—miskien is dit hiêr waar ons moet gaan soek vir 'n rede vir die groot aantal doodgespesialiseerde narre wat hulle voete met sware outoriteit in hulle monde sit wanneer hulle laasgenoemde oopmaak.

Wanneer jy 'n saak net van die een kant af belig, dan is hy donker aan die ander kant.

Die **absoluut** korrekte siening van 'n saak kan nie in die brein van 'n enkele dosent bestaan nie. Hy kan slegs sy diening aanbied—en dit aan jou oorlaat om verder te soek in die geskrewe gedagtes van ander denkers.

Of hy kan dit aan jou oorlaat om soos 'n stuk jellie teen die akademiese takelwerk opgestoot te word.

Die biblioteek vorm die basis vir studie en die verspreiding van kennis.

En die kuns om kennis uit die biblioteek te haal en te gebruik is 'n tegniek wat die mens van die huidige eeu sal moet aanleer.

—Anders gaan sy omgewing vir hom te groot word.

# ONS NEEM AFSKEID VAN BEKENDE FIGUUR

**ANDRÉ P. BRINK het alreeds 'n historiese figuur op die Puk geword. In sy geval was dit egter nie die gewone oorsake wat van ander voor hom 'n historiese figuur gemaak het nie. In die sewe jaar wat hy aan die Universiteit studeer het, het hy dubbeld, indien nie meer nie, verrig as wat die bo-gemiddelde student verrig.**

In 1952 het Andrè gematrikuleer aan die Lydenburgse Hoërskool. Sy sewe onderskeidings het hom die hoogste prestasie besorg vir daardie jaar se matrikulante. Op Universiteit het dit egter nie minder daaraan toegegaan nie. In 1955 lê hy die B.A.-eksamen met onderskeiding in al drie sy hoofvakke af, waarna hy in 1956 Honneurs-Engels, ook met onderskeiding, en in 1957 U.O.D., met dieselfde uitslag, verwerf. Gedurende 1958 voltooi hy sy M.A.-verhandeling in Engels oor enkele



Suid-Afrikaanse Engelsprekende digters, lê terselfdertyd die Honneurs-eksamen in Afrikaans af en verwerf vir albei onderskeiding. Sy verhandeling ter verkryging van die Meestersgraad in Afrikaans is so pas voltooi onder die titel: „Germanicus en die tragedies van Shakespeare".

Mnr. Brink tree op die 3de Oktober in Pretoria met mej. Estelle Naudé in die huwelik, waarna hulle op die 13de Oktober oorsee vertrek waar André van plan is om die Meestersgraad in Frans aan die Paryse Universiteit te behaal.

André P. Brink is aan die breë leserspubliek bekend vanweë die talle kortverhale wat al in die tydskrifte onder sy naam verskyn het. In die afgelope ses jaar is nie minder as 150 van sy kortverhale gepubliseer nie. Hy het ook al drie publikasies die lig laat sien. Met die novelle „Die meul teen die hang" het André P. Brink sy debuut as skrywer gemaak. Verder het reeds verskyn „Die Gebondenes", 'n roman, en 'n drama „Die band om ons harte". Met sy eerste roman, „Die eindelose weë", het André gedurende die sewe jaar wat hy studeer het, 'n leidende rol gespeel. Hy was vyf jaar lank voorsitter van die Estrate Letterkundige Vereniging, voorsitter van Thalia en twee jaar voorsitter van die A.B.K.K., Letteredakteur van die BESEMBOS en voorsitter van die K.J.V. Van die Potchefstroomse tak van die Afrikaanse Skrywerskring was hy ook drie jaar voorsitter.

Mnr. Brink is tans behulpsaam in die Departement Afrikaans-Nederlands.

**PROF. DIEM**

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

wat die mens se liggaam op sy geestelike ontwikkeling het. Dit is veral in die adolessente jare wat die jongman of -dame se liggaam voldoende aktief behoort te wees, aangesien die persoonlikheid wat hy of sy vir die res van die lewe sal hê, dan gevorm word.

By dieselfde geleentheid het mev. Diem rolprente oor liggaamlike onderrig in Duitsland aan die gehoor vertoon. Sy het gewys op die natuurlikheid waarmee die kind onderrig moet word as daar suksesvolle resultate behaal wil word. Die byna ongelooflike toertjies wat gewone sewejarige Duitse kinders in die rolprent gedoen het, het haar stelling onderskryf.

Woensdagoggend het mev. Diem verdere rolprente vertoon en ook het prof. Diem nog 'n lesing gegee. Ná hierdie lesing het studente van die Universiteit voor die professor en sy vrou 'n kort gimnastiekvertoning gegee.

# LEKTORE KOM TWEEDE PROFFIE WEN RELLIE

*Prof. J. M. de Wet het in 'n rêllie wat onlangs by Potchefstroom gehou is, vier bekers verower. Antoon Goossens was bestuurder van die motor. Hulle het oor die afstand van 165 myl slegs 2 min. 14 sek. van die voorgeskrewe tyd afgewyk. Hulle het die wedren, waaraan 41 motors deelgeneem het, gewen.*

*Na ons verneem sal hulle nou uitgenooi word om later in die jaar deel te neem aan die jaarlikse Bicycle Handicap van Uitspan.*

*In klas A vir motors met 'n kapasiteit kleiner as 750 c.c. het Dr. M. A. Meyer (Fisika) en mnr. J. P. E. Ferreira gewen Hulle kapasiteit is glo te klein om in aanmerking te kom vir die Handicap later die jaar.*

*Mnr. C. D. Roode wat saam met mnr. H. P. Thiel gery het, het sewende gekom.*

*Die bekende mnr. Willie van der Bank het as organiseerder opgetree en sal gasspreker wees op genoemde Handicap.*

*Aan ons Dosente hartlike gelukwense!*


CENTRAL CASH STORES
SUPER MARKET
Ons is eerste met die Selfbedieningskema.
BESPAAR GELD! BESPAAR TYD! BEDIEN U SELF!
Selfbediening
. . . en sien wat u koop. Hierdie is moderne koers!
Telefoon 164 en 1167. Wolmaransstraat, Potchefstroom.

Dames- en Herestudente!
„PARKSIG"
Eiendomsagentskap
kan daarvoor sorg as Pa en Ma in Potchefstroom wil kom woon. Vir die Modernste Huise op DIE BULT.
(Eienaar: G. Schoonhoven)
Tel. 1486, na-ure 2057.


Claustrophobia?
★
IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?
MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —
KOM NA
PRO REGE PERS
DIE
POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL
Kerkstraat 95 — Tel. 1164
BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT


„Aitsa!"
As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:
J. TOD SUTTIE
Kerkstraat 177 — Telefoon 1
POTCHEFSTROOM

Uit die mond van die suigeling . . . . !

Dameth en Heerge
Die Bult Apteek
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92.
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 1389.
Ons spesialiseer in drag vir jong dames, veral
KERKDRAG
★ NOMOTTA-WOL in voorraad.

all by Teena Paige

J. du Raan
HORLOSIEMAKER EN JUWELIER
Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
KERKSTRAAT 161
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE

W. LINDEQUE
'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!
Kerkstraat 64 Telefoon 1280
SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!


*Tennis*

# LIGA GOED BEGIN

**Die P.U. het in die huidige liga reeds 3 wedstryde gespeel en dit gaan goed. In die eerste wedstryd is Strathvaal geklop met 92 spelle teenoor 84. Veral was dit die mans van die Puk wat die deurslag gegee het. Du Plessis en Albertyn het met 8—3 en 9—2 geseëvier. Ook die gemengde afdeling is deur die Pukke gebuit en De Jager en De Kock het hulle wedstryde 9—2 en 8—3 gewen.**

In die tweede wedstryd het die Pukke vir Garnisoen oortuigend 99—77 verslaan. Weer eens was dit die hardebaard-species wat die deurslag gegee het en met 30—14 gewen het. Ook die dames het hulle afdeling met drie spelle gewen. In die gemengde was dit veral Du Plessis en Schoeman, wat met 9-2 en 8-3 gewen het, wat indruk gemaak het.

Teen Klerksdorp moes die Pukke ongelukkig met vyf spelle verloor. In die mansafdeling wen Du Plessis en Albertyn 9—2 en 11—0 en De Jager en Taljaard 8—3 en 7—4. Die Puk-mans wen dus 35—9. In die gemengde spel speel P.U. presies gelyk met Klerksdorp waar De Jager en De Kock met 9—2 'n goeie oorwinning behaal.

Die dames was minder gelukkig en dit lei tot P.U. se nederlaag. Ons dames het egter geensins swak gespeel nie, maar dit slegs die nodige ondervinding wat kortkom.

Wanneer Klerksdorp oor twee weke hier speel sal die bordjies beslis verhang word.

Die finale uitslag van die P.U.-kampioenskappe is:

**Mans enkelspel:** D. du Plessis klop E. de Jager 6—4, 6—4, 6—3.

**Dames enkelspel:** E. Faure klop I. Schoeman 2—6, 7—5, 6—2.

**Mans dubbelspel:** Makkink en Du Plessis klop De Jager en Albertyn 6—4, 6—4.

Dit was in geen jare dat die finale sulke kwaai botstings uitgelok het nie, en baie goeie tennis is gelewer.

---

In die vorige Wapad is die uitslag van die P.U.-stoeiklub se verkiesing per abuis weggelaat. Die bestuur is:

Kapt.: P. Kruger.
O/kapt.: E. J. de Villiers.
Sekr.: K. Yssel.
Add. lid: J. H. de Villiers.

---

# WINDMAKER RUGBY

**SATERDAG, 19 SEPTEMBER SAL DEUR DIE EERSTE-SPANSPELERS NOG LANK ONTHOU WORD AS DIE DAG WAAROP DIE WEDSTRYD VAN DIE JAAR GESPEEL IS. DIE PUKKE HET NIE ALLEEN DIE SEISOEN GOED AFGESLUIT DEUR KLERKSDORP TE KLOP MET 26 PUNTE (1 DOEL, 6 DRIEë) TEEN 16 (2 DOELE, 2 STRAFDOELE), NIE, MAAR HET OOK HULLE BESTE VERTONING VAN DIE JAAR GELEWER. DAARVAN GETUIG DIE FEIT DAT 7 DRIEë DEUR DIE PUKKE AANGETEKEN IS.**

Die Klerksdorpers is van die begin af deeglik vasgevat. Presies 30 sekondes na die aanvang van die wedstryd, het Amie van Wyk 'n drie gedruk nadat sowel voor- as agterspelers foutloos gehanteer het.

Die vervyfskop was mis. 'n Rukkie hierna breek Bok Fourie om die steelkant en laat loop na H. B. van der Walt wat geen moeilikheid ondervind om agter die pale te gaan kuier nie. Jan van der Schyff sit 'n strafskop in punte om. Klerksdorp laat egter nie op hulle wag nie, en teken eers twee strafdoele aan en daarna 'n doel om die rustydtelling te staan te bring op 11—9 in Klerksdorp se guns.

Na rustyd het die Pukke behoorlik vlamgevat. Klerksdorp het in beide die vas- en dis losspel 'n agttal teengekom wat net nie gestuit kon word nie—die agterspelers het hulle teenstanders laat bontstaan, en die wyse waarop voor- en agterspelers gekombineer het, het die deurslag gegee. Klerksdorp het moedig maar tevergeefs verdedig, want die Pukke se hanteerwerk en ondersteuning was onverbeterlik. In die tweede helfte word daar vyf drieë deur die Pukke gedruk deur Koos du Plooy (twee), Jan van der Schyff, Piet Bosman en Toy Dannhauser. Hiervan vervyf Jan van der Schyff een. In die doodsnikke van die wedstryd behaal Klerksdorp 'n onverwagse drie en die eindtelling is dan26—16 in die Pukke se guns.

Dit was beslis nie die studente se dag sover dit skoppe betref nie—van die sewe drieë is slegs een vervyf en vier of vyf strafskoppe is verbrou. Die Pukke het egter soos 'n kampioenspan gespeel, en 'n baie voorspoedige seisoen is afgesluit met 'n wedstryd waarin mooi voetbal gelewer is.

# ATLETIEKBANE ONDER SOEKLIG

Gedurende die Dalrymple-byeenkoms vroeër vanjaar was baie van die besoekende atlete verbaas oor die oefengeriewe wat hier bestaan vir atletiek in vergelyking met die andersins lieflike terrein en geboue. Die P.U. atletiekklub het ook hierdie leemte aangevoel, en verder gevoed deur die ywer wat daar skielik vir atletiek ontstaan het, het die klub besluit om 'n dringende oproep tot die owerhede te rig vir die verbetering van die atletiekfasaliteite.

Die atletiekbaan om die rugbyveld is in 'n uiters swak toestand—bo en behalwe die feit dat die baan 16 voet te kort is—en die feit strem die atlete in hulle oefening. Die gevolg is dat die meeste baanatlete verplig is om op die Park te gaan oefen. Daar word gevoel dat 'n verbetering van die atletiekbaan baie daartoe sal bydra om die atlete vir hulle belangstelling en ywer te beloon, en terselfdertyd sal dit die atlete aanspoor om hulle beste te lewer. 'n Nuwe baan sal nie alleen die gees van atletiek baie bevorder nie, maar ook bydra tot beter prestasies.

# HOOGTEPUNT

Die P.U.-manshokkieklub het weer, afgesien kwynende belangstelling, bewys gelewer dat hulle nie alleen die sterkste span in die liga is nie, maar ook een van die spanne waarop die Pukke met reg trots kan wees.

Die laaste twee uitslae tipeer dan ook die hele seisoen:

P.U. klop Viljoenskroon 6—1.
P.U. klop Rustenburg 7—1.

Kyk ons na die finale stand van die spanne in die liga, dan sien ons dat die Pukke uit die 20 wedstryde 19 gewen en een gelykop gespeel het—beslis 'n prestasie wat nie maklik geëwenaar sal word nie. Die Pukke het 91 doele aangeteken terwyl slegs 15 teen hulle aangeteken is, en slegs 'n paar ongelukkige wedstryde het verhoed dat 'n honderdtal aangeteken word.

Die jaar was sekerlik 'n hoogtepunt vir die sportsoort, en ons gelukwensing dan aan die getroue ondersteuners en aan hulle kaptein is: Mooi so, kêrels.


## SHELL
## NAGRAADSE STUDIEBEURSE

Die **SHELL INTERNATIONAL PETROLEUM CO. LTD.,** bied twee beurse, elk van £750 per jaar vir twee jaar, geldig in die Verenigde Koninkryk vir nagraadse studie in een van die volgende studierigtings:

* INGENIEURSWESE
* CHEMIESE INGENIEURSWESE
* GEOFISIKA
* CHEMIE
* FISIKA EN GEOLOGIE.

Die Maatskppy sal ook 'n groot bydrae tot die reiskoste maak.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is op 1 NOVEMBER 1959. Besonderhede van hierdie beurse en aansoekvorms is verkrygbaar by die Registrateur se kantoor of van DIE SHELL-MAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA BPK., PERSONEEL-AFDELING, POSBUS 2231, KAAPSTAD.

Suksesvolle applikante is onder geen verpligting om by die Shell-maatskppy in diens te tree nie.

*Nie op see nie, maar op land, is*
## MOOIRIVIER MOTORS
*DIE HAWE VIR ELKE MOTOR!*
***Met uitstekende diens word alles van alle motors herstel!***

Kom besoek ons en besigtig ons BORGWARD, HANSA en LLOYD-MOTORS

Besoek ook
**MOOIRIVIER MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 44 TELEFOON 2895

**Die Bult Haarkappers en Juweliers**
TOMSTRAAT 86A
Die BESTE ADRES vir HERSTELWERK aan HORLOSIES

**NOORDBRUG KONTANTWINKEL**
(Eienaar: A. G. Botha)
Vir
LEKKERS, SIGARETTE en TOILETWARE
KRUIDENIERSWARE, SKRYFBEHOEFTES.
•
Langs Noordbrug-Poskantoor



*U FOTOGRAAF VIR KUNS EN KWALITEIT*

***ALF'S STUDIOS***
KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432

*DRINK DIE BESTE!*
* Pep-A-Quava
* Pep-A-Dilla
* Ting-A-Ling
* Top-Hat

*DRINK*
* *Super Orange*
* *Fresh Orange*

**Pep-I-Doo**
**Potch Mineral Waters**
Telefoon 16 en 1144 — Posbus 134

**REBA-KAFEE**
Tomstraat 88
DORS?
HONGER?
Bestorm ons om kronies versadig te raak.